

18 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:1-2:6
Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:5-2:2
HK, Vraag 18

Vir seker is Jesus ons Middelaar – 'n driedubbele troos

Drie keer word dié woorde herhaal: “As ons beweer ...” Drie keer word die volgende woorde herhaal: “Maar as ...” Nog 'n maal word 'n woord drie keer herhaal: “Dan ...” Dit is drie voorgeepogings om ons voor God te regverdig. Ons gee voor dat ons nie te sleg lyk nie. Die “as” in die eerste groep herhalings is eintlik verbrande hout, want ons kom nie so maklik by die Bybelse “maar as” uit nie. Ons gee baie voor, soos byvoorbeeld dat ons in die lig lewe, dat wat ons doen nie regtig sonde is nie en dat ons eintlik heilige engeltjies is. Maar as ons regtig in die lig sou lewe, as ons regtig al ons sonde sou bely ... wat dan?

Nee, die evangelie troos ons in ons sonde. “En as een van ons sondig ...” Ja, wat dan? Ons het 'n Middelaar, wat tegelyk ware God en ware, regverdige mens is, naamlik Jesus Christus die Regverdige!

As ons beweer ... Ja, maar as ... Dit is brouwerk. Dit is onseker. Wie weet? Dalk. Miskien. Let op na die patroon: Drie keer “as ons beweer”. Dit is nie werklik drie stappe tot volmaaktheid nie, maar eintlik drie keer afwaarts na die onmoontlike. Niemand kan beweer dat hy nie sondig is nie. Weer is daar drie keer “maar as.” Weer is dit vir ons die negatiewe spiraal tot die erkenning kom: “En as een van ons sondig ...” Ons het dus niks by en vir God nie. God werk wonderlik anders. Hy gee ons die goeie nuus: ons het Jesus Christus. Ons het Hom van God ontvang.

Dit is driedubbele troos.

Sing: Psalm 16:4, 5 (1936-beryming)

Psalm 16:3, 4 (2001-omdigting)

Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)